REMGRO BEPERK

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

TUSSENVERSLAG

ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2018 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit opsie hermeting	-2.7%
Wesensverdienste per aandeel	-3.3%
Tussendividend per aandeel	+5.4%
Intrinsieke netto batewaarde per aandeel	R230.23

Remgro Beperk

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

R miljoen	31 Desember 2018[1, 2]	31 Desember 2017	30 Junie 2018
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**14 648**	6 741	13 626
Beleggingseiendomme	**119**	130	119
Ontasbare bates	**25 167**	4 873	18 427
Beleggings - Geëkwiteer	**74 878**	80 184	73 722
- Beskikbaar-vir-verkoop	**-**	2 937	3 067
- Finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste	**3 315**	-	-
Finansiële bates teen billike waarde deur wins en verlies	**151**	-	-
Aftreevoordele	**578**	204	737
Lenings	**395**	573	697
Uitgestelde belasting	**190**	22	158
	119 441	95 664	110 553
Bedryfsbates	**43 710**	23 179	40 375
Voorraad	**11 453**	3 645	10 967
Biologiese landboubates	**697**	619	807
Debiteure en korttermynlenings	**10 179**	5 730	8 599
Finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste	**156**	-	-
Finansiële bates teen billike waarde deur wins en verlies	**144**	-	-
Belegging in geldmarkfondse	**5 494**	5 849	3 996
Kontant en kontantekwivalente	**15 364**	7 227	12 169
Ander bedryfsbates	**66**	93	93
	43 553	23 163	36 631
Bates gehou vir verkoop	**157**	16	3 744
Totale bates	**163 151**	118 843	150 928
EKWITEIT EN LASTE			
Verklaarde kapitaal	**13 416**	13 416	13 416
Reserwes	**94 047**	78 933	84 865
Tesourie-aandele	**(577)**	(189)	(183)
Aandeelhouersekwiteit	**106 886**	92 160	98 098
Nie-beherende belang	**15 730**	3 009	15 348
Totale ekwiteit	**122 616**	95 169	113 446
Nie-bedryfslaste	**25 888**	18 161	25 891
Aftreevoordele	**204**	183	195
Langtermynlenings	**19 926**	16 278	20 316
Uitgestelde belasting	**5 750**	1 473	5 268
Afgeleide instrumente	**8**	227	112
Bedryfslaste	**14 647**	5 513	11 591
Handels- en ander krediteure	**12 116**	4 625	9 904
Korttermynlenings	**2 171**	741	1 557
Ander bedryfslaste	**360**	147	130
Totale ekwiteit en laste	**163 151**	118 843	150 928
Netto batewaarde per aandeel (Rand)			
- Teen boekwaarde	**R189.21**	R162.59	R173.04
- Teen intrinsieke waarde	**R230.23**	R265.84	R256.97

1. *Sedert 11 Mei 2018 en 2 Julie 2018 konsolideer Remgro sy beleggings in Distell en Siqalo Foods, onderskeidelik, en daarom is sommige lynitems nie direk met die vorige tydperke vergelykbaar nie. Verwys na "Vergelyking met die vorige tydperke" onder "Kommentaar" vir meer besonderhede.*
2. *Verwys na "Verandering in rekeningkundige beleid" onder "Kommentaar" vir die uitwerking van die implementering van nuwe rekeningkundige standaarde.*

Remgro Beperk

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2018	Ses maande geëindig 31 Desember 2017 Herstateer[1]	Jaar geëindig 30 Junie 2018
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE			
Verkope	**30 316**	14 046	31 115
Voorraaduitgawes[1]	**(17 368)**	(8 102)	(17 814)
Personeelkoste	**(4 223)**	(2 522)	(5 641)
Waardevermindering	**(639)**	(362)	(810)
Ander netto bedryfsuitgawes[1]	**(5 386)**	(2 319)	(5 590)
Handelswins	**2 700**	741	1 260
Dividendinkomste	**27**	48	112
Rente ontvang	**648**	414	886
Billike waarde aanpassing op omruilbare skuldbriewe opsie	**106**	134	261
Finansieringskoste	**(795)**	(614)	(1 266)
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(773)**	645	(201)
Netto waardedaling van lenings	**(64)**	-	(1)
Wins met die verkoop en verwatering van beleggings	**55**	120	5 188
Gekonsolideerde wins voor belasting	**1 904**	1 488	6 239
Belasting	**(868)**	(272)	(423)
Gekonsolideerde wins na belasting	**1 036**	1 216	5 816
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	**1 857**	2 736	2 893
Netto wins vir die tydperk van voortgesette bedrywighede	**2 893**	3 952	8 709
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE[2]			
Wins vir die tydperk van beëindigde bedrywighede	**8 318**	279	490
Netto wins vir die tydperk	**11 211**	4 231	9 199
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**10 297**	4 131	8 943
Voortgesette bedrywighede	**1 979**	3 852	8 453
Beëindigde bedrywighede	**8 318**	279	490
Nie-beherende belang	**914**	100	256
	11 211	4 231	9 199
GEËKWITEERDE BELEGGINGS			
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings			
Wins voor inagneming van waardedalings en nie-herhalende items	**4 231**	5 380	10 035
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(2 032)**	(1 170)	(5 935)
Wins met die verkoop van beleggings	**453**	108	505
Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**5**	1	647
Ander items aanpasbaar vir wesensverdienste	**16**	12	13
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**2 673**	4 331	5 265
Belasting	**(659)**	(1 096)	(1 499)
Nie-beherende belang	**(157)**	(220)	(383)
	1 857	3 015	3 383
Voortgesette bedrywighede	**1 857**	2 736	2 893
Beëindigde bedrywighede	**-**	279	490

1. *Die bedrae vir "voorraaduitgawes" en "ander netto bedryfsuitgawes", soos vroeër in die inkomstestaat vir die ses maande geëindig 31 Desember 2017 gerapporteer, is herstateer. Voorheen is "voorraaduitgawes" foutiewelik onderstateer en "ander netto bedryfsuitgawes" foutiewelik oorstateer met R1 298 miljoen. Die herstatering het geen uitwerking op bedryfswins, verdienste of wesensverdienste gehad nie.*
2. *Op 30 Junie 2018 is die belegging in Unilever van "beleggings – geëkwiteer" na "bates gehou vir verkoop" oorgedra (verwys na die afdeling wat handel oor "Beleggingsaktiwiteite"). Wins uit beëindigde bedrywighede bestaan uit die geëkwiteerde verdienste van Unilever sowel as die wins met die verkoop gerealiseer. Die ses maande geëindig 31 Desember 2017 is dienooreenkomstig aangebied.*

Remgro Beperk

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2018	Ses maande geëindig 31 Desember 2017	Jaar geëindig 30 Junie 2018
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE			
Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)	**1 979**	3 852	8 453
Waardedaling van geëkwiteerde beleggings	**773**	-	580
Terugskrywing van waardedaling van geëkwiteerde beleggings	**-**	(654)	(529)
Waardedaling van beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**-**	-	44
Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**-**	8	71
Wins met die verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings	**(58)**	(6)	(5 156)
Verlies met die verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings	**3**	2	52
Wins met die verkoop van beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**-**	(116)	(116)
Wins met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(126)**	(45)	(114)
Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**-**	-	(10)
Waardedaling van ontasbare bates	**-**	-	34
Verlies met verkoop van filiaal	**-**	-	42
Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	**1 549**	1 039	4 726
- Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(9)**	(10)	(44)
- Wins met die verkoop van beleggings	**(475)**	(147)	(583)
- Verlies met die verkoop van beleggings	**22**	39	78
- Waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde[1]	**2 032**	1 170	5 935
- Realisasie van buitelandse valuta-omskakelings-reserwes	**(5)**	(1)	(647)
- Ander items aanpasbaar vir wesensverdienste	**(16)**	(12)	(13)
Belastinguitwerking van aansuiwerings	**114**	32	32
Nie-beherende belang	**25**	6	(35)
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede	**4 259**	4 118	8 074
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE			
Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)	**8 318**	279	490
Wins met verkoop van geëkwiteerde belegging[2]	**(8 318)**	-	-
Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings			
- Verlies met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**-**	9	12
- Belastinguitwerking van aansuiwerings	**-**	-	(3)
Wesensverdienste van beëindigde bedrywighede	**-**	288	499
Totale wesensverdienste van voortgesette en beëindigde bedrywighede	**4 259**	4 406	8 573
Opsie hermeting	**(106)**	(134)	(261)
Wesensverdienste, uitgesluit opsie hermeting	**4 153**	4 272	8 312

1. *"Waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde" van geëkwiteerde beleggings vir die ses maande geëindig 31 Desember 2018 sluit Remgro se gedeelte van die waardedalings van Mediclinic se eiendomme en handelsname in Switserland en sy belegging in Spire, ten bedrae van R1 954 miljoen (2017: R830 miljoen), in.*
2. *"Wins met die verkoop van geëkwiteerde beleggings" verteenwoordig die wins in wat met die verkoop van Unilever gerealiseer is.*

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

Sent	Ses maande geëindig 31 Desember 2018	Ses maande geëindig 31 Desember 2017	Jaar geëindig 30 Junie 2018
Wesensverdienste per aandeel			
– Basies	**752.1**	777.5	1 512.6
Voortgesette bedrywighede	**752.1**	726.7	1 424.6
Beëindigde bedrywighede	**-**	50.8	88.0
– Verwater	**744.2**	772.8	1 504.5
Voortgesette bedrywighede	**744.2**	722.0	1 416.5
Beëindigde bedrywighede	**-**	50.8	88.0
Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit opsie hermeting			
– Basies	**733.4**	753.9	1 466.5
Voortgesette bedrywighede	**733.4**	703.1	1 378.5
Beëindigde bedrywighede	**-**	50.8	88.0
– Verwater	**725.5**	749.1	1 458.4
Voortgesette bedrywighede	**725.5**	698.3	1 370.4
Beëindigde bedrywighede	**-**	50.8	88.0
Verdienste per aandeel			
– Basies	**1 818.3**	729.0	1 577.9
Voortgesette bedrywighede	**349.5**	679.7	1 491.4
Beëindigde bedrywighede	**1 468.8**	49.3	86.5
– Verwater	**1 814.8**	725.2	1 567.5
Voortgesette bedrywighede	**346.8**	676.0	1 481.1
Beëindigde bedrywighede	**1 468.0**	49.2	86.4
Dividende per aandeel			
Gewoon	**215.00**	204.00	532.00
– Tussen	**215.00**	204.00	204.00
– Finaal	**-**	-	328.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2018	Ses maande geëindig 31 Desember 2017	Jaar geëindig 30 Junie 2018
Netto wins vir die tydperk	**11 211**	4 231	9 199
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**1 687**	(2 774)	(311)
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:			
Wisselkoersaanpassings	**616**	(1 182)	2 012
Billike waarde aanpassings op finansiële bates vir die tydperk	**-**	(2)	(149)
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**-**	12	55
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	**(1)**	(98)	(206)
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**1 571**	(1 694)	(2 127)
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:			
Billike waarde aanpassings op finansiële bates vir die tydperk	**(259)**	-	-
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**63**	-	-
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**(147)**	-	189
Uitgestelde belasting op hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**22**	-	(53)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	**(178)**	190	(32)
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**12 898**	1 457	8 888
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**12 087**	1 356	8 374
Nie-beherende belang	**811**	101	514
	12 898	1 457	8 888

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2018	Ses maande geëindig 31 Desember 2017	Jaar geëindig 30 Junie 2018
Saldo aan die begin van die tydperk	**113 446**	95 302	95 302
Verandering in rekeningkundige beleid[1]	**(1 116)**	-	-
Herstateerde saldo aan die begin van die tydperk	**112 330**	95 302	95 302
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**12 898**	1 457	8 888
Dividende betaal	**(2 251)**	(1 747)	(2 934)
Transaksies met nie-beherende aandeelhouers	**(58)**	63	40
Ander bewegings	**9**	7	18
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**84**	87	182
Tesourie-aandele deur volfiliaal aangekoop	**(396)**	-	-
Nie-beherende aandeelhouers se belang in verkryging van filiaal	**-**	-	11 953
Nie-beherende aandeelhouers se belang in vervreemding van filiaal	**-**	-	(3)
Saldo aan die einde van die tydperk	**122 616**	95 169	113 446

1. *Verwys na "Verandering in rekeningkundige beleid" onder "Kommentaar" vir die uitwerking van die implementering van nuwe rekeningkundige standaarde.*

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2018	Ses maande geëindig 31 Desember 2017	Jaar geëindig 30 Junie 2018
Kontant uit/(deur) bedrywighede voortgebring/(benut)	**3 678**	(211)	2 096
Rente ontvang	**648**	414	879
Belasting betaal	**(578)**	(204)	(657)
Dividende ontvang[1]	**1 812**	2 205	3 789
Finansieringskoste	**(744)**	(570)	(1 159)
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**4 816**	1 634	4 948
Dividende betaal	**(2 251)**	(1 747)	(2 934)
Netto kontantinvloei/(-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite	**2 565**	(113)	2 014
Beleggingsaktiwiteite[1, 2]	**845**	(128)	2 208
Finansieringsaktiwiteite	**(906)**	(58)	78
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**2 504**	(299)	4 300
Wisselkoerswins/(-verlies) op buitelandse kontant	**206**	(268)	213
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**11 985**	7 472	7 472
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**14 695**	6 905	11 985
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**15 364**	7 227	12 169
Oortrokke bankrekening	**(669)**	(322)	(184)

1. *Die dividend ontvang vanaf RMI ten opsigte van die herinvesteringsopsie (verwys na die gedeelte oor "Beleggingsaktiwiteite"), ten bedrae van R300 miljoen (2017: R292 miljoen), is nie in "Dividende ontvang" en "Beleggingsaktiwiteite" vir kontantvloeidoeleindes ingesluit nie.*
2. *"Beleggingsaktiwiteite" sluit die R4 900 miljoen kontant wat met die verkoop van die belegging in Unilever ontvang is, 'n toename in geldmarkfondse van R1 498 miljoen, asook beleggings in die CIV groep en Prescient (verwys na die afdeling wat handel oor "Beleggingsaktiwiteite"), in.*

ADDISIONELE INLIGTING

	Ses maande geëindig 31 Desember 2018	Ses maande geëindig 31 Desember 2017	Jaar geëindig 30 Junie 2018
Aantal aandele uitgereik			
- Gewone aandele sonder pariwaarde	**529 217 007**	529 217 007	529 217 007
- Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde	**39 056 987**	39 056 987	39 056 987
Totale aantal aandele uitgereik	**568 273 994**	568 273 994	568 273 994
Aantal aandele in tesourie gehou			
- Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(3 375 334)**	(1 432 501)	(1 389 033)
	564 898 660	566 841 493	566 884 961
Geweegde aantal aandele	**566 303 849**	566 682 343	566 773 693

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

R miljoen	31 Desember 2018	31 Desember 2017	30 Junie 2018
Geëkwiteerde beleggings			
Geassosieerdes	**71 074**	74 451	70 735
Gesamentlike ondernemings	**3 804**	5 733	2 987
	74 878	80 184	73 722
Geëkwiteerde beleggingsrekonsiliasie			
Drawaarde aan die begin van die tydperk	**73 722**	80 883	80 883
Verandering in rekeningkundige beleid[1]	**(1 093)**	-	-
Herstateerde saldo aan die begin van die tydperk	**72 629**	80 883	80 883
Belang in netto toeskryfbare wins	**1 857**	3 015	3 383
Dividende ontvang	**(1 824)**	(2 304)	(4 259)
Wisselkoersverskille	**359**	(940)	1 779
Beleggings gemaak	**1 200**	447	675
Onterkenning van geëkwiteerde beleggings in Distell en Capevin	**-**	-	(3 885)
Oordrag van Unilever na nie-bedryfsbates gehou vir verkoop	**-**	-	(3 588)
Besighede verkry	**-**	-	968
Grindrod en Grindrod Shipping (waardedaling)/waardedaling teruggeskryf	**(773)**	654	487
Geëkwiteerde bewegings op reserwes	**1 393**	(1 504)	(2 145)
Ander bewegings	**37**	(67)	(576)
Drawaarde aan die einde van die tydperk	**74 878**	80 184	73 722
Langtermynlenings			
20 000 Klas A 7.7% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**3 510**	3 513	3 512
10 000 Klas B 8.3% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**4 380**	4 383	4 382
Omruilbare skuldbriewe, met ‘n effektiewe rentekoers van 4.5%	**6 216**	5 533	6 090
Verskeie ander lenings	**7 108**	3 084	7 533
	21 214	16 513	21 517
Korttermyn gedeelte van langtermynlenings	**(1 288)**	(235)	(1 201)
	19 926	16 278	20 316
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**1 122**	336	1 153
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge[2] (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**6 506**	1 330	4 366
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede	**8**	25	9
Dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings teen beleggings verreken	**1 824**	2 304	4 259
Verwys na die gedeelte oor “Beleggingsaktiwiteite” vir meer inligting oor verwante partytransaksies.			

1. *Verwys na “Verandering in rekeningkundige beleid” onder “Kommentaar” vir die uitwerking van die implementering van nuwe rekeningkundige standaarde.*
2. *Kapitaal- en beleggingsverpligtinge op 31 Desember 2018 sluit ‘n bedrag van R2 007 miljoen (30 Junie 2018: R2 459 miljoen), van Distell in, asook addisionele beleggingsverpligtinge aan CIVH (R1 633 miljoen) en Milestone China Opportunities Fund IV (R1 293 miljoen).*

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Billike waarde hermetings

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente beskikbaar-vir-verkoop, teen billike waarde deur ander omvattende inkomste, teen billike waarde deur wins en verlies en belegging in geldmarkfondse: billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloeimetode, likwidasiewaarde en werklike netto batewaarde van die beleggings in.
- Afgeleide instrumente: die billike waarde van afgeleide instrumente word bepaal met verwysing na toepaslike waardasiemetodologieë en die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërargie:

Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;
Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en
Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die volgende tabelle toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates en laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Totaal
31 Desember 2018				
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste	1 333	17	1 965	3 315
Finansiële bates teen billike waarde deur wins en verlies	-	-	151	151
Bedryfsbates				
Finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste	156	-	-	156
Finansiële bates teen billike waarde deur wins en verlies	-	-	144	144
Afgeleide instrumente	-	5	-	5
Belegging in geldmarkfondse	5 494	-	-	5 494
	6 983	22	2 260	9 265
LASTE				
Langtermyn afgeleide instrumente	-	8	-	8
Korttermyn afgeleide instrumente	-	27	23	50
	-	35	23	58

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

R miljoen	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Totaal
31 Desember 2017				
BATES				
Beskikbaar-vir-verkoop	1 093	-	1 844	2 937
Afgeleide instrumente	-	8	-	8
Belegging in geldmarkfondse	5 849	-	-	5 849
	6 942	8	1 844	8 794
LASTE				
Langtermyn afgeleide instrumente	-	227	-	227
Korttermyn afgeleide instrumente	-	14	49	63
	-	241	49	290
30 Junie 2018				
BATES				
Beskikbaar-vir-verkoop	934	41	2 092	3 067
Afgeleide instrumente	-	12	-	12
Belegging in geldmarkfondse	3 996	-	-	3 996
	4 930	53	2 092	7 075
LASTE				
Langtermyn afgeleide instrumente	-	112	-	112
Korttermyn afgeleide instrumente	-	34	43	77
	-	146	43	189

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Die volgende tabel toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates aan die begin en einde van die tydperk:

R miljoen	Finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste	Finansiële bates teen billike waarde deur wins en verlies	Afgeleide instrumente	Totaal
BATES				
Saldo's op 1 Julie 2018	**2 092**	**-**	**-**	**2 092**
Oordrag vanaf vlak 2	**40**	**-**	**-**	**40**
Toevoegings	**92**	**295**	**-**	**387**
Vervreemdings	**(394)**	**-**	**-**	**(394)**
Wisselkoersaanpassings	**89**	**-**	**-**	**89**
Billike waarde aanpassings deur ander omvattende inkomste	**46**	**-**	**-**	**46**
Saldo's op 31 Desember 2018	**1 965**	**295**	**-**	**2 260**
LASTE				
Saldo's op 1 Julie 2018	**-**	**-**	**43**	**43**
Verkoopsopsie uitgeoefen	**-**	**-**	**(20)**	**(20)**
Saldo's op 31 Desember 2018	**-**	**-**	**23**	**23**

Vlak 3 finansiële bates bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die Milestone China entiteite (Milestone) en die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) ten bedrae van R1 509 miljoen en R241 miljoen, onderskeidelik. Hierdie beleggings word almal waardeer gegrond op die billike waarde van elke belegging se onderliggende bates, wat op 'n verskeidenheid waardasiemetodologieë bepaal word. Genoteerde entiteite word waardeer teen die laaste gekwoteerde aandeelprys op die verslagdoeningsdatum, terwyl ongenoteerde entiteite se waardasiemetodes verdiskonteerde kontantvloei waardasies en toepaslike verdienste- en omsetveelvoude insluit.

Milestone se billike waarde bestaan uit genoteerde beleggings (21%), kontant en kontantekwivalente (1%), ongenoteerde beleggings (78%). Ongenoteerde beleggings wat teen transaksiepryse by Milestone se billike waarde ingesluit word bedra R543 miljoen, terwyl sy oorblywende ses ongenoteerde beleggings teen R634 miljoen waardeer is. PRIF se hoofbates is die beleggings in ETG Groep, Octotel, RSAWeb, Lumos Global en GPR Leasing. ETG Groep is waardeer teen sy laaste verhandelingsprys wat gebruik is vir die verkryging van 'n belang deur 'n derdeparty, terwyl die ander beleggings waardeer is deur middel van die verdiskonteerde kontantvloeimetode.

Veranderinge in die waardasie-aannames van bogenoemde ongenoteerde beleggings sal nie 'n wesentlike invloed op Remgro se finansiële state hê nie aangesien die onderliggende bates van die fondse waarin Remgro sy beleggings gemaak het, wyd verspreid is.

Detail omsetinligting

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2018	Ses maande geëindig 31 Desember 2017	Jaar geëindig 30 Junie 2018
Verbruikersprodukte			
Distell	**14 424**	-	4 219
RCL Foods	**13 265**	12 765	24 426
Siqalo Foods	**1 405**	-	-
Nywerheid			
Wispeco	**1 222**	1 076	2 265
Media en sport			
Ander media- en sportbelange	**-**	205	205
Gekonsolideerd	**30 316**	14 046	31 115

KOMMENTAAR

1. REKENKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word opgestel ooreenkomstig die erkennings- en metingsgrondslae van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), ingesluit *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, en SAICA se Finansiële Rapporteringsriglyne, soos uitgereik deur die Rekenkundige Praktykekomitee, asook Finansiële Uitsprake, soos uitgereik deur die Raad op Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet (Nr 71 van 2008), soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Neville Williams GR(SA) opgestel. Die tussenverslag is nie geouditeer of nagesien nie.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële tydperke is, met die uitsondering van die implementering van *IFRS 9: Finansiële Instrumente* en *IFRS 15: Inkomste uit Kontrakte met Kliënte.* Verwys na “Verandering in rekeningkundige beleid” vir meer besonderhede oor die implementering van hierdie standaarde en wysigings.

Gedurende die tydperk onder oorsig het verskeie ander interpretasies en wysigings in werking getree, maar die implementering daarvan het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige tydperke gehad nie.

2. VERANDERING IN REKENINGKUNDIGE BELEID

Hierdie afdeling verduidelik die uitwerking van die implementering van *IFRS 9: Finansiële Instrumente* en *IFRS 15: Inkomste uit Kontrakte met Kliënte* op die groep se finansiële state.

A. Uitwerking van die implementering van *IFRS 9: Finansiële Instrumente*

IFRS 9 vervang die bepalings van *IAS 39* wat verband hou met die erkenning, klassifikasie en meting van finansiële bates en finansiële laste, onterkenning van finansiële instrumente, waardedaling van finansiële bates en verskansingsrekeningkunde. *IFRS 9* is implementeer sonder die herstatering van vergelykende inligting ooreenkomstig die oorgangsbepalings (*IFRS 9*, paragrawe 7.2.15 en 7.2.26). Die aansuiwerings wat voortspruit uit die nuwe standaard word dus nie op 30 Junie 2018 in die staat van finansiële stand weerspieël nie, maar word op 1 Julie 2018 in die openingsstaat van finansiële stand erken.

1. Klassifikasie en meting

- **Lenings en debiteure**

  Lenings en debiteure word geklassifiseer as finansiële bates teen geamortiseerde koste. Die implementering van *IFRS 9* het geen uitwerking op die klassifikasie van hierdie bates gehad nie. Dit is die groep se sakemodel om hierdie instrumente vir die invordering van kontantvloei te hou, en die kontantvloeie verteenwoordig slegs die betaling van kapitaal en rente.

- **Ekwiteitsbeleggings voorheen geklassifiseer as beskikbaar-vir-verkoop**

  Die groep het gekies om veranderinge in die billike waarde van al sy ekwiteitsbeleggings, wat voorheen geklassifiseer is as beskikbaar-vir-verkoop, in ander omvattende inkomste te verantwoord, aangesien hierdie beleggings as langtermynbeleggings gehou word en nie na verwagting in die kort tot medium termyn verkoop sal word nie. Gevolglik is bates met 'n billike waarde van R3 067 miljoen herklassifiseer van finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop tot finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste en die verwante billike waarde-winste van R661 miljoen bly in die billikewaarde-reserwe op 1 Julie 2018. Enige daaropvolgende hermetings van hierdie instrumente sal in ander omvattende inkomste verantwoord word en geen gedeelte sal na die inkomstestaat oorgedra word nie. Dividende vanaf hierdie beleggings ontvang word in wins en verlies verantwoord.

- **Lenings, afgeleide instrumente en verskansingsaktiwiteite**

  Die implementering van *IFRS 9* het geen uitwerking op die groep se klassifikasie en meting van lenings, afgeleide instrumente en die groep se verskansingsaktiwiteite gehad nie.

2. Waardedaling van finansiële bates

Die uitwerking op die groep se resultate van die implementering van *IFRS 9* hou alleenlik verband met die nuwe waardedalingvereistes. Die groep se finansiële bates gedra teen geamortiseerde koste bestaan uit:

- Korttermyn handels- en ander debiteure wat verband hou met die verkoop van goedere;
- Handels- en ander debiteure - langtermyn;
- Kontant en kontantekwivalente; en
- Lenings ontvangbaar.

Die uitwerking van die verandering in waardedalingsmetodologie op die groep se totale ekwiteit word hieronder uiteengesit. Die aanpassing het ontstaan uit veranderinge in die waardedalingsvoorsiening vir die groep se korttermyn handels- en ander debiteure.

Die groep se filiale pas die *IFRS 9* vereenvoudigde benadering toe om die verwagte kredietverliese op sy korttermyn handelsdebiteure te meet, wat die verliesvoorsiening op 'n leeftydbasis bereken. Die groep het kredietwaardigheidsversekering in plek waar die bestuur van elke sake-eenheid dit nodig ag. Die groep se kredietbeleid vereis dat elke nuwe kliënt individueel vir kredietwaardigheid ontleed word voor aflewering en betalingsterme aangebied word.

Om die verwagte kredietverlies te meet, is handelsdebiteure gegroepeer op grond van gedeelde eienskappe en dae agterstallig. Die berekening van die verwagte kredietverlies neem enige versekeringsdekking, wat in plek mag wees, in ag.

Rekonsiliasie van die verliesvoorsiening vir handelsdebiteure soos op 30 Junie 2018 tot 1 Julie 2018:

R miljoen	Handelsdebiteure waardedalings-voorsiening
Sluiting waardedalingsvoorsiening (bereken ingevolge *IAS 39*) – 30 Junie 2018	**135**
Herstateerde bedrag in openingsekwiteit	**25**
Openingswaardedalingsvoorsiening (bereken ingevolge *IFRS 9*) – 1 Julie 2018	**160**

Handelsdebiteure word afgeskryf wanneer daar geen redelike verwagting van invordering is nie. Aanduiders dat daar geen redelike verwagting van invordering is nie, sluit onder meer in:

- die versuim van 'n debiteur om 'n terugbetalingsplan met die groep te onderhandel;
- die versuim om kontraktuele betalings te maak vir 'n tydperk van meer as die aantal dae agterstallig soos deur elke besigheidseenheid bepaal; en/of
- 'n regsproses kon nie die skuld invorder nie.

3. Skuldinstrumente

Die skuldinstrumente geklassifiseer as gemeet teen geamortiseerde koste op 30 Junie 2018 word geag 'n lae kredietrisiko te hê. Die verliesvoorsiening wat hiervoor bereken is, is dus beperk tot 12 maande se verwagte verliese en was nie wesentlik nie. Skuldinstrumente word geag 'n lae kredietrisiko te hê wanneer hulle 'n lae risiko van wanbetaling het en die uitreiker 'n sterk kapasiteit het om sy kontraktuele kontantvloei-verpligtinge in die nabye toekoms na te kom.

Die verliesvoorsiening vir finansiële bates is gebaseer op aannames wat verband hou met die risiko van wanbetaling en verwagte verlieskoerse. Die groep gebruik oordeel om hierdie aannames te maak en insette te kies vir die waardedalingsberekening en word baseer op vorige ervaring, bestaande marktoestande sowel as vooruitskattingsramings aan die einde van elke verslagdoeningstydperk.

B. Uitwerking van die implementering van *IFRS 15: Inkomste uit Kontrakte met Kliënte*

Ingevolge die oorgangsbepalings van *IFRS 15* het die groep die gewysigde terugwerkende implementeringsopsie toegepas en sekere aanpassings word dus op 1 Julie 2018 in die openingsstaat van finansiële stand erken.

1. Verantwoording van betalings aan kliënte vir nie-onderskeibare goedere en dienste

Die implementering van *IFRS 15* het vereis dat die groep afsonderlike prestasieverpligtinge in kontrakte met kliënte identifiseer. Die groep maak betalings of bied produkte aan kliënte wat gekoppel is aan 'n lojaliteitsprogram en verspreiding van verkope en bemarkingsverwante funksies wat deur hulle uitgevoer word. Hierdie koste is voorheen ingesluit in uitgawe-items in die inkomstestaat, maar word nou teen omset verantwoord. Hierdie verandering het geen invloed op die netto wins gehad nie.

2. Verantwoording van terugbetalings

Indien die kliënt die reg het om die produk binne 'n gegewe tydperk terug te besorg, is die groep verplig om die koopprys terug te betaal. Die groep erken inkomste wanneer die goedere formeel deur die kliënt aanvaar is of die goedere afgelewer is en die tydperk vir afkeuring verstryk het aangesien daar onsekerheid is oor die moontlikheid dat die kliënt die goedere terug sal besorg. Wanneer goedere terugbesorg word, word inkomste onterken en die kliënt gekrediteer met die waarde van die oorspronklike goedere wat gelewer is.

Ingevolge *IFRS 15* is 'n terugbetalingsaanspreeklikheid vir die verwagte terugbetalings van R19 miljoen uitstaande aan kliënte as 'n aanpassing van handels- en ander krediteure op 1 Julie 2018 erken. Terselfdertyd het die groep die reg om die produk te verhaal van die kliënt waar die kliënt sy reg om terug te gee uitoefen. Dié reg word ingesluit in handels- en ander debiteure ten bedrae van R12 miljoen op 1 Julie 2018. Die bate word gemeet aan die hand van die voormalige drawaarde van die produk. Die koste om die produkte te verhaal is nie wesentlik nie, aangesien die produkte gewoonlik tydens die normale verspreidingsproses terugbesorg word.

C. Impak van die implementering van *IFRS 9* en *IFRS 15* op geëkwiteerde beleggings

Remgro se geëkwiteerde beleggings het dieselfde oorgangsbepalings, soos hierbo uiteengesit, gevolg.

Die impak van die implementering van *IFRS 9* op geëkwiteerde beleggings op Remgro se staat van finansiële stand was 'n afname van R795 miljoen in beide die geëkwiteerde beleggings en reserwes. Die verandering wat die grootste impak gehad het, was om die verwagte kredietverliese model op FirstRand Beperk (FirstRand) se resultate toe te pas, wat op 1 Julie 2018 ook RMB Holdings Beperk (RMH) se staat van finansiële stand beïnvloed het. Die implementering van *IFRS 9* deur hierdie twee maatskappye het Remgro se drawaarde van geëkwiteerde beleggings en reserwes met R735 miljoen verminder.

Die impak van die implementering van *IFRS 15* het 'n afname in die drawaarde van geëkwiteerde beleggings en reserwes van R298 miljoen meegebring, waarvan R289 miljoen aan SEACOM Capital Beperk (SEACOM) toegeskryf kan word. SEACOM het die rekeningkundige hantering van sy reg van gebruikskontrakte, wat die verpligting insluit om dienste teen verskillende kapasiteite aan te bied oor twee netwerke en teen verskillende prysstrukture waarvoor kontant vooruit ontvang is, aangepas.

D. Impak van die implimentering van *IFRS 9* en *IFRS 15* op die gekonsolideerde staat van finansiële stand

Die volgende tabel toon die aanpassings wat vir elke individuele lynitem erken word. Lynitems wat nie deur die veranderinge geraak is nie, is nie ingesluit nie. Gevolglik kan die subtotale en totale wat openbaar word nie herbereken word uit die voorgestelde syfers nie.

Gekonsolideerde staat van finansiële stand (uittreksel)	30 Junie 2018 Soos voorheen aangebied	IFRS 9	IFRS 15	1 Julie 2018 Herstateer
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Beleggings - Geëkwiteer	73 722	(795)	(298)	72 629
- Beskikbaar-vir-verkoop	3 067	(3 067)	-	-
- Finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste	-	3 067	-	3 067
Bedryfsbates				
Debiteure en korttermynlenings	8 599	(25)	12	8 586
Totale bates	150 928	(820)	(286)	149 822
EKWITEIT EN LASTE				
Reserwes	84 865	(805)	(298)	83 762
Aandeelhouersekwiteit	98 098	(805)	(298)	96 995
Nie-beherende belang	15 348	(9)	(4)	15 335
Totale ekwiteit	113 446	(814)	(302)	112 330
Uitgestelde belasting	5 268	(6)	(3)	5 259
Handels-en ander krediteure	9 904	-	19	9 923
Totale ekwiteit en laste	150 928	(820)	(286)	149 822

3. VERGELYKING MET DIE VORIGE TYDPERKE

Op 2 Julie 2018 het die Unilever Smere-besigheid, Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods), 'n volfiliaal van Remgro geword (verwys na "Beleggingsaktiwiteite" vir meer besonderhede). Daarby, en soos voorheen gerapporteer, hou Remgro sedert 11 Mei 2018 die meerderheidstemreg in Distell Group Holdings Beperk (Distell), wat tot gevolg gehad het dat die belegging in Distell vanaf daardie datum gekonsolideer is.

As gevolg van bogenoemde transaksies is sekere lynitems in die staat van finansiële stand en die inkomstestaat nie direk vergelykbaar met die vorige tydperke nie. Die aanvanklike verantwoording van hierdie besigheidsamevoegings is nog nie voltooi nie en die voorlopige billike waardes op die verkrygingsdatums is soos volg:

	Op verkrygingsdatum	
R miljoen	**Siqalo Foods 2 Julie 2018**	**Distell 11 Mei 2018**
Eiendom, aanleg en toerusting	**495**	**6 608**
Ontasbare bates	**1 710**	**10 169**
Voorraad	**124**	**7 765**
Debiteure en korttermynlenings	**-**	**2 149**
Kontant en kontantekwivalente minus oortrokke bank	**-**	**1 306**
Ander netto bates	**-**	**1 229**
Langtermynlenings	**-**	**(4 378)**
Uitgestelde belasting (bates en laste)	**(506)**	**(3 693)**
Handels- en ander krediteure	**(14)**	**(3 857)**
Nie-beherende belang	**-**	**(11 893)**
Billike waarde van netto bates verkry	**1 809**	**5 405**
Klandisiewaarde	**5 191**	**3 535**
Totale aankoopswaarde	**7 000**	**8 940**

Siqalo Foods en Distell se bydrae tot verkope vir die tydperk onder oorsig is R1 405 miljoen en R14 424 miljoen (30 Junie 2018: R4 219 miljoen) onderskeidelik.

4. RESULTATE

Wesensverdienste

Vir die tydperk onder oorsig het wesensverdienste met 3.3%, van R4 406 miljoen tot R4 259 miljoen, afgeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) ook met 3.3%, van 777.5 sent tot 752.1 sent, afgeneem het.

Ingesluit in wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig is 'n positiewe billike waarde aanpassing van R106 miljoen (2017: R134 miljoen) wat verband hou met die afname in waarde van skuldbriefhouers se omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe (opsie hermeting). Met uitsluiting van die opsie hermeting het wesensverdienste met 2.8%, vanaf R4 272 miljoen tot R4 153 miljoen, afgeneem, terwyl WVPA met 2.7%, vanaf 753.9 sent tot 733.4 sent, afgeneem het. Die afname in wesensverdienste, uitgesluit opsie hermeting, is hoofsaaklik die gevolg van laer verdienste deur Total South Africa Eiendoms Beperk (Total), Community Investment Venture Holdings Eiendoms Beperk (die CIV groep), RCL Foods Beperk (RCL Foods), asook die uitsluiting van Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk (Unilever) vanweë die verkoop daarvan. Die afname is gedeeltelik teengewerk deur die insluiting van Siqalo Foods en die groter bydraes van Mediclinic International plc (Mediclinic), Grindrod Beperk (Grindrod) en die bankafdeling, sowel as hoër rente-inkomste.

Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë

R miljoen	31 Des 2018	% Verandering	31 Des 2017	Jaar geëindig 30 Junie 2018
Bankwese	**1 775**	*5.8*	1 678	3 525
Gesondheidsorg	**623**	*27.9*	487	1 556
Verbruikersprodukte	**932**	*(18.2)*	1 140	1 605
Versekering	**582**	*(7.0)*	626	1 228
Nywerheid	**412**	*(25.2)*	551	971
Infrastruktuur	**(20)**	*(162.5)*	32	57
Media en sport	**8**	*144.4*	(18)	(47)
Ander beleggings	**15**	*(48.3)*	29	66
Sentrale tesourie				
- finansieringsinkomste	**397**	*53.3*	259	524
- finansieringskoste	**(459)**	*(1.5)*	(452)	(891)
- opsie hermeting	**106**	*(20.9)*	134	261
Ander netto korporatiewe koste	**(112)**	*(86.7)*	(60)	(282)
Wesensverdienste	**4 259**	*(3.3)*	4 406	8 573
Opsie hermeting	**(106)**		(134)	(261)
Wesensverdienste, uitgesluit opsie hermeting	**4 153**	*(2.8)*	4 272	8 312

Verwys na Bylae A en B vir die segmentinligting.

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning

Bankwese

Die wesensverdienstebydrae deur die bankafdeling het R1 775 miljoen (2017: R1 678 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 5.8% verteenwoordig. FirstRand en RMH het wesensverdienstegroei van onderskeidelik 6.1% en 5.7% gerapporteer. RMH het laer groei gerapporteer as gevolg van hoër befondsingskoste.

Op ‘n genormaliseerde basis, wat sekere nie-bedryfs- en rekenkundige afwykings uitsluit en ‘n beter weerspieëling van onderliggende prestasie is, het FirstRand en RMH verdienstegroei van onderskeidelik 7.1% en 6.7% gerapporteer. Hierdie toenames is hoofsaaklik danksy groei in beide netto rente-inkomste, ondersteun deur stewige groei in voorskotte en deposito’s, en nie-rente-inkomste, danksy sterk groei in fooi- en kommissie-inkomste. Hierdie verdienstegroei is gedeeltelik teengewerk deur ‘n toename van 16% in nie-presterende lenings, deels weerspieël deur sterk boekgroei, sowel as die *IFRS 9* metode vir die voorsiening van waardedaling wat tot ‘n toename in kredietwaardedalingskoste gelei het.

Gesondheidsorg

Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R623 miljoen (2017: R487 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 27.9% verteenwoordig. Soos voorheen gerapporteer, sluit Mediclinic se bydrae vir die vergelykende tydperk ‘n versnelde amortisasiekoste van R171 miljoen in wat verband hou met die handelsmerkomskakeling van alle Al Noor-fasiliteite na Mediclinic. Met uitsluiting van die effek van die versnelde amortisasiekoste in die vergelykende tydperk, sou Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 5.3%, van R658 miljoen tot R623 miljoen, afgeneem het. In Britse pondterme het Mediclinic se bydrae, met uitsluiting van die versnelde amortisasie, met 8.6% afgeneem hoofsaaklik weens ‘n laer bydrae deur die Switserland-afdeling, wat deels teengewerk is deur die sterker vertoning deur die bedryfsafdelings in Suider-Afrika en die Midde-Ooste.

Switserland het onderpresteer en dit was die direkte gevolg van die onlangse regulerende veranderinge in die Switserse gesondheidsmark wat alle verskaffers geraak het. Hierdie veranderinge sluit die implementering van nasionale buitepasiënttariefverlagings (TARMED) en die uitwaartse migrasie van geïdentifiseerde kliniese behandelings, deur van ‘n binne- na ‘n buitepasiënttarief in verskeie kantons oor te skakel, in. Stappe is geneem om die huidige finansiële vertoning te verbeter deur inkomstegroei te beskerm, koste te verminder en doeltreffendheidsbesparings in verskillende fasette van die besigheid te bewerkstellig. Bykomende mediumtermynstappe sluit die verbetering van diensonderskeiding regoor versekeringskategorieë in, asook dokterwerwingsinisiatiewe en die bevordering van die buitepasiëntleweringsmodel.

Verbruikersprodukte

Die bydrae van verbruikersprodukte tot Remgro se wesensverdienste het R932 miljoen (2017: R1 140 miljoen) bedra, wat ‘n afname van 18.2% verteenwoordig.

RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 26.5% tot R366 miljoen (2017: R498 miljoen) afgeneem. Hierdie afname was hoofsaaklik weens beduidende uitdagings in die suiker- en hoenderbesigheidseenhede, as gevolg van laer gerealiseerde pryse, hoofsaaklik weens ooraanbod, en hoër kommoditeits- en vervoerkoste. Winsgewendheid in die hoenderbesigheid is gestrem deur invoere wat in die mark gestort is, wat lei tot laer pryse, en hoër voerkoste. Die suikerbesigheid is geraak deur laer plaaslike suikerverbruik, as gevolg van, onder andere, die implementering van die gesondheids-bevorderingsheffing (suikerbelasting), en die voortgesette volumes van invoere wat in die mark gestort is. Dit het gelei tot ‘n verskuiwing in die verkoopsmengsel na ru (ongeraffineerde) suikeruitvoere. Uitvoerpryse was aansienlik laer as plaaslike pryse weens gedempte suikerpryse wêreldwyd. Die Kruidenierswareafdeling het egter stewige groei behaal, bevoordeel deur volume en marge toenames in die Kruidenierswareen Pasteiportefeuljes en markaandeel-toenames in verskeie kategorieë.

Distell se bydrae tot wesensverdienste het R399 miljoen (2017: R354 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 12.7% verteenwoordig. Daar moet op gelet word dat die vergelykende tydperk die bydrae van Capevin Holdings Beperk ingesluit het. Distell het wesensverdienstegroei van 6.6%, aangepas vir uitdiensstellings- en herstruktureringskoste, die Tanzania Distilleries Limited eenmalige verliese in die vergelykende tydperk en buitelandse valutabewegings, gerapporteer en dit was hoofsaaklik aan stewige inkomstegroei in die Suid-Afrikaanse en ander Afrika markte te danke. Bykomend tot Distell se bydrae het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingskoste van R24 miljoen verantwoord wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro op 11 Mei 2018 beheer oor Distell verkry het.

Op 2 Julie 2018 het Unilever Remgro se 25.75% belang in Unilever verkry in ruil vir die Unilever Smere-besigheid in Suider-Afrika, naamlik Siqalo Foods, sowel as ‘n kontantbedrag van R4 900 miljoen. As gevolg hiervan is geen wesensverdienstebydrae vir Unilever verantwoord (2017: R288 miljoen) nie, alhoewel Siqalo Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig R231 miljoen bedra het. Bykomend tot Siqalo Foods se bydrae het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingskoste van R40 miljoen verantwoord met betrekking tot die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro beheer oor Siqalo Foods verkry het.

Versekering

Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 7.0% tot R582 miljoen (2017: R626 miljoen) afgeneem. Op ‘n genormaliseerde basis het RMI ‘n afname van 8.2% in verdienste gerapporteer, hoofsaaklik weens laer bydraes deur Discovery Holdings Beperk (Discovery) en OUTsurance Holdings Beperk (OUTsurance). Discovery se bydrae tot RMI het met 16.6% afgeneem, weens beduidende spandering op nuwe inisiatiewe, ‘n skerp styging in sterfte-eise by Discovery Life en die negatiewe uitwerking van die oorgang vanaf *IAS 39* na *IFRS 9*. OUTsurance se bydrae het met 5.8% afgeneem weens buitengewone lae eise in die vergelykende tydperk, hoër natuurrampeise in Australië, regstellende prysaanpassings om laer ongelukfrekwensies te erken en wesentlike beleggings in nuwe besigheidsgroei-aktiwiteite. Die bydrae van MMI Holdings Beperk het met 5.7% toegeneem en dié van Hastings Group Holdings plc met 8.9% afgeneem.

Nywerheid

Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 22.5% tot R174 miljoen (2017: R142 miljoen) toegeneem. Die styging is hoofsaaklik te danke aan ‘n verbetering in gasvolumes en suksesvolle kostebesparingsinisiatiewe.

Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R101 miljoen (2017: R258 miljoen) bedra. Ingesluit in die wesensverdienstebydrae vir die tydperk onder oorsig is ongunstige voorraadherwaardasies ten bedrae van R75 miljoen (2017: gunstige voorraadherwaardasies van R135 miljoen). Hierdie herwaardasies is die gevolg van die onbestendigheid in die Brent ru-olieprys en die randwisselkoers. Uitgesluit die herwaardasies, het die bydrae met 43.1% vanaf R123 miljoen tot R176 miljoen toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik te danke aan ‘n toename in omset, weens hoër verkoopsvolumes in die mynbou-, asook herverkoopsektor.

Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH) en Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco) se bydraes tot wesenverdienste het R77 miljoen en R52 miljoen bedra (2017: R73 miljoen en R62 miljoen), terwyl PGSI Beperk (PGSI) R8 miljoen (2017: R16 miljoen) tot Remgro se wesensverdienste bygedra het.

Infrastruktuur

Die CIV-groep se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het ‘n verlies van R104 miljoen (2017: ‘n wins van R32 miljoen) bedra. Die resultate is negatief beïnvloed deur die verkryging van ‘n 34.9%-belang in Vumatel Eiendoms Beperk (Vumatel), wat in Junie 2018 geïmplementeer is. Ingesluit in die CIV-groep se resultate is finansieringskoste ten bedrae van R136 miljoen, wat verband hou met die finansiering van die Vumatel-verkryging, sowel as laasgenoemde se geëkwiteerde verliese van R41 miljoen. Uitgesluit die impak van Vumatel, het die bydrae tot wesensverdienste van ‘n wins van R32 miljoen tot ‘n verlies van R11 miljoen afgeneem, hoofsaaklik weens Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA) se hoër waardevermindering- en finansieringskoste verbonde aan die uitbreiding van die netwerk. Ondanks die afname in verdienste het DFA se omset met 18.2% tot R1 067 miljoen (2017: R903 miljoen) toegeneem danksy sterk groei in annuïteitsinkomste.

Grindrod se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R101 miljoen (2017: ‘n verlies van R52 miljoen) bedra. Die toename is hoofsaaklik te danke aan beter resultate van kernbesighede weens verhoogde kommoditeitsaanvraag, terwyl die vergelykende tydperk voorraadwaardedalings in die spoorweg-monteerbesigheid ingesluit het weens die sluiting van dié besigheidseenheid asook verliese van die skeepsafdeling.

Gedurende Junie 2018 het Grindrod die sekondêre notering van sy skeepsafdeling voltooi ingevolge waarvan Remgro, Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod Shipping)-aandele by wyse van ‘n dividend *in specie* ontvang het. Grindrod Shipping se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het ‘n verlies van R18 miljoen bedra (ingesluit in die 2017 bydrae van Grindrod: R62 miljoen).

Remgro se deel van SEACOM se verlies het R1 miljoen (2017: ‘n wins van R32 miljoen) bedra. Hierdie afname is hoofsaaklik as gevolg van ‘n eenmalige realisasie van uitgestelde inkomste wat verband hou met die vroeë beëindiging van langtermynkontrakte in die vergelykende tydperk, asook die negatiewe uitwerking van die implementering van *IFRS 15* in die tydperk onder oorsig.

Media en sport

Media en sport bestaan hoofsaaklik uit die belange in eMedia Investments Eiendoms Beperk (eMedia Investments) en verskeie sportbelange, waaronder die belange in die Blou Bulle-rugbyfranschise en die Stellenbosch Academy of Sport Properties Eiendoms Beperk.

eMedia Investments se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het tot R11 miljoen (2017: R3 miljoen) toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik as gevolg van ‘n toename in inkomste, sowel as ‘n kleiner belegging in die multikanaalbesigheid (Openview en e.tv-multikanaal).

Ander beleggings

Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R15 miljoen (2017: R29 miljoen) bedra, waarvan Business Partners Beperk se bydrae R29 miljoen (2017: R29 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste

Finansieringsinkomste het R397 miljoen (2017: R259 miljoen) bedra. Die toename is te danke aan hoër gemiddelde kontantbalanse as gevolg van die vervreemding van Unilever. Finansieringskoste het R459 miljoen (2017: R452 miljoen) bedra. Die positiewe billike waarde aanpassing van R106 miljoen (2017: R134 miljoen) hou verband met die afname in die waarde van die omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe. Ander netto korporatiewe koste het R112 miljoen (2017: R60 miljoen) bedra. Die toename in ander netto korporatiewe koste is hoofsaaklik die gevolg van die benutting van korporatiewe belastingkrediete in die vergelykende tydperk.

Verdienste

Verdienste het met 149.3% tot R10 297 miljoen (2017: R4 131 miljoen) toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik te danke aan die wins van R8 318 miljoen wat met die Unilever transaksie gerealiseer is. Hierdie toename is deels teengewerk deur Remgro se gedeelte van die waardedalings van Mediclinic se eiendomme en handelsmerke in Switserland en sy belegging in Spire Healthcare Group plc van R1 954 miljoen (2017: R830 miljoen).

5. INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 10.4% vanaf R256.97 op 30 Junie 2018 tot R230.23 op 31 Desember 2018 afgeneem. Die sluitingsaandeelprys op 31 Desember 2018 was R194.74 (30 Junie 2018: R204.29), wat ‘n diskonto van 15.4% (30 Junie 2018: 20.5%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

6. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:

Unilever

Op 2 Julie 2018 het Unilever Remgro se 25.75%-belang in Unilever verkry, in ruil vir die Unilever Smere-besigheid in Suider-Afrika, sowel as ‘n kontantbedrag van R4 900 miljoen, wat ‘n totale transaksiewaarde van R11 900 miljoen verteenwoordig. Die transaksie plaas ‘n waarde van R7 000 miljoen op die Unilever Smere-besigheid. Die Unilever Smere-besigheid is oorgedra na Siqalo Foods, wat op 2 Julie 2018 ‘n volfiliaal van Remgro geword het.

Remgro se belegging in Unilever is voorheen as ‘n geassosieerde geklassifiseer en volgens die ekwiteitsmetode verantwoord. Met ingang van 2 Julie 2018, konsolideer Remgro Siqalo Foods teen 100.0%, terwyl die belegging in Unilever, met ‘n drawaarde van R3 582 miljoen, vir ‘n totale bedrag van R11 900 miljoen verkoop is. Hierdeur is ‘n rekeningkundige wins van R8 318 miljoen met die verkoop van belegging gerealiseer.

Ingevolge *IFRS 3: Besigheidsamevoegings* was die aankoopprys van Siqalo Foods R7 000 miljoen. Die voorlopige billike waarde van die onderliggende bates verkry en verpligtinge aanvaar op die effektiewe datum was: ontasbare bates van R1 710 miljoen, eiendom, aanleg en toerusting van R495 miljoen en ander netto verpligtinge van R396 miljoen. Die balans van R5 191 miljoen, naamlik die verskil tussen die koopprys en Siqalo Foods se identifiseerbare netto bates, is na klandisiewaarde geallokeer.

Die billike waarde aanpassing ten opsigte van Siqalo Foods se staat van finansiële stand hou hoofsaaklik verband met die erkenning van handelsmerke (onder andere *Rama*, *Stork* en *Flora*) en nie-kontraktuele kliënteverhoudinge. Die amortisasie van hierdie bykomende bates sal ‘n jaarlikse na-belaste uitgawe van R80 miljoen tot gevolg hê, ingesluit by wesensverdienste. Die impak op wesensverdienste vir die ses maande geëindig 31 Desember 2018 het R40 miljoen bedra.

Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH)

Gedurende Julie 2018 het CIVH 6.3% van sy aandele van ‘n aandeelhouer teruggekoop, wat Remgro se belang in CIVH tot 54.5% (30 Junie 2018: 51.0%) verhoog het. Op 29 Augustus 2018 en 27 September 2018 het Remgro, ingevolge twee CIVH-regte-uitgifte, vir 10 834 CIVH-aandele ten bedrae van R324 miljoen en 16 596 CIVH-aandele ten bedrae van R490 miljoen onderskeidelik ingeskryf. Hierdie inskrywings het nie Remgro se belang in CIVH verander nie.

Prescient China Equity Fund (Prescient)

Gedurende Oktober 2018 het Remgro $50 miljoen in Prescient belê. Prescient is gedurende Oktober 2018 van stapel gestuur en Remgro en Reinet Investments S.C.A. het die aanvangskapitaal verskaf. Prescient, wat ‘n sistematiese, kwantitatiewe benadering volg om langtermyn kapitaalgroei na te streef, belê in genoteerde aandele in die Chinese mark en gebruik die Shanghai Shenzhen CSI 300 indeks as maatstaf.

Milestone Capital Strategic Holdings Beperk (MCSH)

Remgro het voorheen $43 miljoen in MCSH belê, bestaande uit ‘n rentedraende lening van $38 miljoen en ‘n belegging van $5 miljoen. Gedurende Augustus 2018 het MCSH die lening en rente ten bedrae van $42 miljoen terugbetaal en Remgro het sy belegging in MCSH vir ‘n totale bedrag van $28 miljoen verkoop. Die koopsom is vereffen met ‘n kontantbedrag van $6 miljoen, 10 714 310 Li Ning Company Beperk (Li Ning)-aandele ter waarde van $12 miljoen en JHL Biotech, Geïnk.-skuldbriewe (JHL-skuldbriewe) ter waarde van $10 miljoen.

Gedurende Desember 2018 en Januarie 2019 het Remgro onderskeidelik 607 500 Li Ning-aandele vir $1 miljoen en 10 106 810 Li Ning-aandele vir $11 miljoen verkoop. Die JHL-skuldbriewe word in trust gehou en sal gebruik word as Remgro se eerste bydrae tot Milestone China Opportunities Fund IV (die fonds). Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro ‘n maksimum bedrag van $100 miljoen tot die fonds bewillig.

RMI

Op 11 September 2018 het RMI ‘n finale dividend vir die jaar geëindig 30 Junie 2018 verklaar, wat as alternatief tot die kontantdividend, óf die ontvang van ‘n skripdividend óf herinvestering van die kontantdividend deur in te skryf vir nuwe RMI gewone aandele, insluit. Remgro het gekies om sy kontantdividend ten bedrae van R300 miljoen te herinvesteer en het daarvoor 7 894 998 nuwe RMI gewone aandele teen R38.00 per aandeel ontvang.

RCL Foods

Gedurende Desember 2018 het Remgro ‘n verdere 7 042 924 RCL Foods-aandele vir ‘n totale bedrag van R115 miljoen verkry. Hierdie transaksie het Remgro se effektiewe belang in RCL Foods marginaal tot 77.5% (30 Junie 2018: 77.0%) verhoog.

Premier Team Holdings (PTH) and Saracens Copthall LLP (Copthall)

Op 24 Oktober 2018 het Remgro ‘n ooreenkoms aangegaan ingevolge waarvan hy sy 50.0%-belang in PTH (die entiteit wat die Saracens-rugbyklub besit) verkoop vir ‘n nominale bedrag, met die reg om sy 49.5%-belang in Copthall (die entiteit wat die Saracens-klub se stadion, Allianz Park, huisves) na drie jaar vir £8 miljoen te verkoop. Die gekombineerde transaksie bied aan Remgro die geleentheid om die Saracens-groep volledig te verlaat.

Remgro se beleggings in PTH en Copthall is voorheen as geassosieerdes geklassifiseer en volgens die ekwiteitsmetode verantwoord. Met ingang van 24 Oktober 2018 het Remgro sy belegging in PTH verkoop en die geassosieerde belegging in Copthall onterken. Die reg om Copthall te verkoop, is as ‘n finansiële instrument met billike waarde bewegings wat deur wins en verlies verantwoord word, geklassifiseer.

Ander

Ander kleiner beleggings het R145 miljoen bedra.

Gebeure na 31 Desember 2018

Daar was geen wesentlike transaksies sedert 31 Desember 2018 nie.

7. INLIGTING MET BETREKKING TOT ONGENOTEERDE BELEGGINGS

Siqalo Foods

Siqalo Foods besit die handelsmerke vir *Rama, Flora, Stork, Rondo* en ander smere-verwante handelsmerke in die Suider-Afrikaanse doeane-unie lande (SADU), sowel as ‘n produksiefasiliteit. Die besigheid is op 2 Julie 2018 verkry as deel van die opbrengs met die verkoop van Remgro se 25.75% aandeelhouding in Unilever.

Gedurende die tydperk onder oorsig het Unilever voortgegaan om as prinsipaal op te tree as deel van sy verpligting ingevolge die oorgangsooreenkoms. Siqalo Foods sal teen einde Maart 2019 volle operasionele aanspreeklikheid aanvaar.

Siqalo Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande onder oorsig het R231 miljoen bedra. Die smere-besigheid het hoër wesensverdienste bygedra, hoofsaaklik as gevolg van laer oorhoofse kosteverhaling deur Unilever gedurende die oorgangsooreenkomstydperk, 'n beter bruto marge realisering weens laer koste-insette, sowel as sterk onderliggende volume-groei gedurende die tydperk.

Air Products

Air Products het 'n September-jaareinde en sy resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2018 is by dié van Remgro vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste in dié tydperk het met 22.5% tot R174 miljoen (2017: R142 miljoen) toegeneem.

Air Products se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2018 het met 7.8% tot R1 609 miljoen (2017: R1 492 miljoen) toegeneem, terwyl die maatskappy se bedryfswins vir dieselfde tydperk met 12.4% tot R490 miljoen (2017: R436 miljoen) toegeneem het.

Die tydperk onder oorsig het met ‘n verbetering in gasvolumes, veral in die op-perseel en grootmaatvolume gasbesighede, asook suksesvolle kostebesparings-inisiatiewe gepaard gegaan.

KTH
KTH is ‘n toonaangewende swart beleggingsmaatskappy met ‘n sterk en gediversifiseerde bateportefeulje, wat die volgende sektore insluit: nywerheid, dienste, media, finansiële dienste en gesondheidsorg.

KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R77 miljoen (2017: R73 miljoen) bedra. Die toename in verdienste was hoofsaaklik weens positiewe geëkwiteerde resultate van beleggings, verminderde bedryfskoste vir die groep en ‘n afname tot R73 miljoen (2017: R117 miljoen) in die netto finansieringskoste wat gedurende die tydperk betaal is.

KTH se wins toeskryfbaar aan gewone aandelehouers het R101 miljoen (2017: R138 miljoen verlies) bedra. Die toename in toeskryfbare wins is hoofsaaklik gedryf deur positiewe geëkwiteerde resultate van beleggings en ‘n afname in waardedalings teenoor die vergelykende tydperk. Die toename is gedeeltelik teengewerk deur die verlies met die verkoop van XK Platinum Vennootskap en ‘n laer groepomset vir die tydperk. Die vergelykende tydperk sluit ‘n waardedaling op die belegging in Actom Investment Holdings Eiendoms Beperk van R412 miljoen in wat gedeeltelik teengewerk is deur die terugskrywing van die waardedaling op XK Platinum Vennootskap (R146 miljoen).

Inkomste uit geëkwiteerde beleggings het tot R220 miljoen (2017: R50 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik vanweë beduidende verliese in die vergelykende tydperk op sekere geëkwiteerde beleggings wat in die huidige tydperk positiewe opbrengste gelewer het. Die grootste bydraers tot geëkwiteerde inkomste gedurende die tydperk onder oorsig was die beleggings in MMI Holdings Beperk, Fidelity Bank (Ghana) Beperk, Eris Property Fund en XK Platinum Vennootskap.

Total
Total het 'n Desember-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2018 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande tot 31 Desember 2018 het R101 miljoen (2017: R258 miljoen) bedra.

Total se omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2018 het met 30.8% tot R39 505 miljoen (2017: R30 196 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik toeskryfbaar aan ‘n toename in die basiese brandstofprys en hoër verkope aan die mynbousektor en herverkopers gedurende die tydperk onder oorsig.

Die resultate is negatief beïnvloed deur ongunstige voorraadherwaardasies van R420 miljoen (2017: R753 miljoen winste) weens die skerp afname in die gemiddelde basiese brandstofprys en ru-oliepryse gedurende die laaste twee maande van die tydperk onder oorsig.

Total het 'n verswakking in raffineringsmarges in vergeleke met 2017 ervaar, toeskryfbaar aan die effek van ‘n ongunstige markomgewing. Natref se gemiddelde rafineringsmarge aanduider het vir die tydperk onder oorsig van $54 per ton tot $40 per ton afgeneem, hoofsaaklik weens die beduidende toename in die gemiddelde Brent ru-olie prys van $56 tot $71 per vat.

PGSI
PGSI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande tot 31 Desember 2018 het R8 miljoen (2017: R16 miljoen) bedra. PGSI se omset vir die tydperk onder oorsig het van R2 171 miljoen tot R2 238 miljoen toegeneem. Die groep se genormaliseerde bedryfswins, wat die impak van batewaardedalings en die uitgawes wat verband hou met die vroeë implementering van IFRS standaarde uitsluit, het van R114 miljoen tot R93 miljoen afgeneem.
Die groep se vernaamste bedryfsfiliaal in Suid-Afrika, PG Group, vervaardig en verskaf glas aan die bou- en motorbedryf. Die bouglas-afdeling het ‘n afname in wins gerapporteer weens swak plaaslike vraag en toenemende druk op verkooppryse in ‘n kompeterende en oorvoorsiene mark. Die groep se motorafdelings het beter gevaar ten spyte van ekonomiese druk op verbruikers, minder versekeringseise en ‘n wisselvallige vraag in uitvoermarkte. Baie kompeterende pryse, veral uit China, het verskaffing aan plaaslike voertuig monteerbedrywighede uitgedaag. Die Res-van-Afrika besighede het ‘n afname in winsgewendheid rapporteer met baie streke wat deur swakker ekonomiese aktiwiteit, sowel as deur politieke onstabiliteit in sekere streke, geaffekteer is.

Terwyl die ekonomiese klimaat uitdagend bly, het die groep goeie vordering gemaak om koste te verminder en die kwaliteit en doeltreffendheid van vervaardiging te verbeter. Inisiatiewe om fokus te plaas op markvereistes en om dienslewering aan kliënte te verbeter, vorder goed.

Wispeco
Wispeco se omset vir die ses maande tot 31 Desember 2018 het met 16.4% tot R1 253 miljoen (2017: R1 076 miljoen) toegeneem. Dit is hoofsaaklik toeskryfbaar aan hoër verkooppryse weens die gekombineerde impak van die globale aluminium prys en die rand-dollar wisselkoers. Verkoopsvolumes vir die tydperk was effens hoër in ‘n gedempte Suider-Afrikaanse mark. Ondanks hoër invoer tariewe bly prysmededinging teen ingevoerde produkte intensief en marges klein. Wesensverdiense vir die tydperk onder oorsig het tot R52 miljoen (2017: R62 miljoen) afgeneem.

Wispeco dryf die verbetering van interne doeltreffendheid en belê in die mees moderne vervaardigingsprosesse om koste-effektief en mededingend te bly teen lae koste-invoere. Geleenthede om sy verspreidingsvoetspoor in Suider-Afrika uit te brei, word ook deurlopend nagestreef. Wispeco gaan voort om leiding te gee in die mark met produkinnovasie en sagteware-oplossings om die verkoop van sy produkte te ondersteun. Die Crealco-handelsmerk kry voorrang en is goed geposisioneer as die plaaslike maatstaf vir argitektoniese aluminiumprodukte.

CIV groep
Remgro het 'n effektiewe belang van 54.5% in die CIV groep, wat in die telekommunikasie- en inligtingstegnologiesektor bedrywig is. Die belangrikste bedryfsmaatskappy van die groep is Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA), wat optiesevesel-netwerke bou en besit. Die CIV groep het ook ‘n 34.9% belang in Vumatel Eiendoms Beperk (Vumatel) gedurende June 2018 verkry. Vumatel is ‘n leier in die vesel-tot-die-huis (FTTH) mark. Vumatel se FTTH-netwerk span oor 8 000 km oor ‘n residensiële area wat aan internet diensverskaffers (ISPs) verhuur word. Op hul beurt, verkoop die ISPs internet produkte aan hul klante. DFA het ook ‘n 90.0% belegging in ‘n FTTH-operateur, South African Digital Villages (SADV) en ‘n 100% aandeel in Sqwidnet, ‘n Internet-van-Goed (IOT) netwerk verskaffer.

Die CIV groep het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2018 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Die CIV groep se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het ‘n verlies van R104 miljoen (2017: R32 miljoen wins) bedra. Ingesluit in die CIV groep se resultate is finansieringskoste ten bedrae van R136 miljoen wat verband hou met die finansiering van die Vumatel verkryging, sowel as Vumatel se geëkwiteerde verliese van R41 miljoen. Uitgesluit Vumatel, het die bydrae tot wesenverdienste afgeneem van ‘n wins van R32 miljoen na ‘n verlies van R11 miljoen, hoofsaaklik weens hoër finansieringskoste en waardevermindering as gevolg van die uitbreiding van die netwerk.

DFA se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2018 het met 18.2% tot R1 067 miljoen (2017: R903 miljoen) toegeneem danksy stewige groei van 24.1% in annuïteitsinkomste. DFA se verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie het in die tydperk onder oorsig met 9.5% tot R597 miljoen toegeneem. Die huidige boekwaarde van die optiesevesel-netwerk is meer as R9 miljard (30 Junie 2017: R8 miljard). DFA het tot dusver daarin geslaag om goeie annuïteitsinkomste van R152 miljoen per maand te beding, die meeste daarvan via langtermynkontrakte met kliënte.

DFA besit optiesevesel-netwerke in alle hoof metropole, sowel as in kleiner metropolitaanse gebiede, soos Oos-Londen, Polokwane, Tlokwe, Emalahleni, George en Pietermaritzburg. Op 30 September 2018 was 'n totale afstand van 11 190 km (September 2017: 10 138 km) optiesevesel-netwerk in die hoof metropole, klein dorpe en op langafstandroetes voltooi. Die SADV netwerk voeg ‘n verdere 2 500 km tot die optiese veselnetwerk.

DFA se inkomstemodel is buigsaam om by kliënte se behoeftes aan te pas en DFA verkoop óf onvervreembare gebruiksregkontrakte, wat 'n eenmalige voorafbetaling vereis, óf meerjarige kontrakte tot en met 15 jaar op 'n annuïteitsgrondslag.

SEACOM
Remgro het ‘n effektiewe belang van 30.0% in SEACOM, wat Afrika se grootste internasionale datanetwerk bedryf en wat Suider- en Oos-Afrika met Europa en Asië verbind.

SEACOM het ‘n Desember-jaareinde en sy resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2018 is by dié van Remgro ingesluit vir die tydperk onder oorsig. SEACOM se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig bedra ‘n verlies van R1 miljoen (2017: wins van R32 miljoen).

SEACOM se kern verkope en inkomste spruit uit sy gevestigde basis van groothandel-diensverskaffers, wat ook die grondslag is vir skaalgrootte netwerke, kostebesparings en diensinnovasie. Die diensverskaffersegment toon sterk vraag vir internasionale kapasiteit van groot “Over The Top” verskaffers en groei in Internet Protokol Transito verkeer van plaaslike ISPs. Die SEACOM internasionale en terrestriële netwerke word voortdurend opgradeer om tred te hou met hierdie vraag.

SEACOM Business bied die platform vir toekomstige groei en verbeterde winsgewendheid namate die aantal en grootte van korporatiewe kliënte toeneem. Omset vir die tydperk onder oorsig het met 35.0% gegroei. Die eenheid het 'n gesonde pyplyn om in 2019 verkope en inkomste te laat groei. Addisioneel tot organiese groei, het SEACOM Business ISPs verkry, hoofsaaklik met die fokus op die ondernemingsmark. Die verkrygings het ‘n beduidende positiewe bydrae gedurende die verslagdoeningstydperk gemaak. SEACOM Business gaan voort om sy beleggings te fokus op binne-gebou veselretikulasie en terrestriële vesel om voorheen nie-gedienste gebiede te ontsluit. Die verkryging van FibreCo Holdings Eiendoms Beperk sal SEACOM in staat stel om sy kliëntebasis uit te brei deur groot kapasiteit dienste tussen dorpe en stede in Suid-Afrika te lewer.

8. TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2018 is 1 389 033 Remgro gewone aandele (0.3%) as tesourie-aandele deur ‘n vol-filiaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer, is hierdie aandele gekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskema te verskans.

Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro ‘n verdere 2 000 000 Remgro gewone aandele teen ‘n gemiddelde prys van R198.07 per aandeel aangekoop vir ‘n totale bedrag van R396 miljoen, terwyl 13 699 Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skemadeelnemers, wat die regte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 31 Desember 2018 is 3 375 334 (0.6%) Remgro gewone aandele as tesourie-aandele gehou.

VERANDERING AAN DIREKSIE

Mnr Anthony Edward Rupert is met effek van die sluit van besigheid op 29 November 2018 as ‘n nie-uitvoerende direkteur van Remgro aangestel.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Verklaring van Dividend Nr. 37

Hiermee word kennis gegee dat 'n bruto tussendividend van 215 sent (2017: 204 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die halfjaar geëindig 31 Desember 2018.

Dividend-terughoubelasting van 20% of 43 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 172 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividend-terughoubelasting of in aanmerking kom vir ‘n verlaagde koers ingevolge ‘n toepaslike dubbelbelasting-ooreenkoms.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 529 217 007 gewone aandele en 39 056 987 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die dividend te kwalifiseer	Dinsdag, 9 April 2019
Aandele verhandel ex dividend	Woensdag, 10 April 2019
Rekorddatum	Vrydag, 12 April 2019
Betaaldatum	Maandag, 15 April 2019

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 10 April 2019, en Vrydag, 12 April 2019, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer uitgereik word nie. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as “onopgeëis” gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
19 Maart 2019

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert *(Voorsitter),* E de la H Hertzog *(Ondervoorsitter)*,
J Malherbe *(Ondervoorsitter),* S E N De Bruyn*, G T Ferreira*,
P K Harris*, N P Mageza*, P J Moleketi*, M Morobe*, F Robertson*,
A E Rupert
(* *Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure
J J Durand (*Hoofuitvoerende beampte*),
M Lubbe, N J Williams

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
D I Heynes

Notering
JSE Beperk
Sektor: Nywerheid – Algemene Nywerheid

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Millennia Park, Stellentialaan 16, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services Eiendoms Beperk
Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank 2196
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank (‘n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

Webwerf
www.remgro.com

Remgro Beperk

BYLAAG A

SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

R miljoen		Ses maande geëindig 31 Desember 2018	31 Desember 2017
Bankwese			
RMH		**1 252**	1 185
FirstRand		**523**	493
Gesondheidsorg			
Mediclinic		**623**	487
Verbruikersprodukte			
Unilever		**-**	288
RCL Foods		**366**	498
Distell[1]	- entiteitsbydrae	**399**	354
	- *IFRS 3* uitgawe[2]	**(24)**	-
Siqalo Foods	- entiteitsbydrae	**231**	-
	- *IFRS 3* uitgawe[2]	**(40)**	-
Versekering			
RMI		**582**	626
Nywerheid			
Air Products		**174**	142
Total		**101**	258
KTH		**77**	73
Wispeco		**52**	62
PGSI		**8**	16
Infrastruktuur			
CIV groep		**(104)**	32
Grindrod		**101**	(52)
Grindrod Shipping		**(18)**	-
SEACOM		**(1)**	32
Ander infrastruktuurbelange		**2**	20
Media en sport			
eMedia Investments		**11**	3
Ander media- en sportbelange		**(3)**	(21)
Ander beleggings		**15**	29
Sentrale tesourie			
Finansieringsinkomste		**397**	259
Finansieringskoste		**(459)**	(452)
Opsie hermeting		**106**	134
Ander netto korporatiewe koste		**(112)**	(60)
Wesensverdienste		**4 259**	4 406
Geweegde aantal aandele (miljoen)		**566.3**	566.7
Wesensverdienste per aandeel (sent)		**752.1**	777.5

Aantekening

1. Die vergelykende tydperk sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. *IFRS 3* uitgawe verteenwoordig die amortisasie en waardevermindering uitgawes, netto van belasting, wat verband hou met die addisionele bates geïdentifiseer toe Remgro beheer oor daardie entiteite verkry het.

BYLAAG B

SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

R miljoen	31 Desember 2018 Boekwaarde	31 Desember 2018 Intrinsieke waarde	30 Junie 2018 Boekwaarde	30 Junie 2018 Intrinsieke waarde
Bankwese				
RMH	**15 736**	**31 359**	15 385	30 123
FirstRand	**5 586**	**14 412**	5 486	14 045
Gesondheidsorg				
Mediclinic[1]	**29 758**	**19 676**	29 373	31 329
Verbruikersprodukte				
Unilever	**-**	**-**	3 588	11 900
RCL Foods	**8 541**	**9 444**	8 128	11 534
Distell[1,2]	**9 280**	**7 502**	9 110	9 674
Siqalo Foods[3]	**7 191**	**5 959**	-	-
Versekering				
RMI	**8 930**	**17 107**	8 479	17 285
Nywerheid				
Air Products	**1 053**	**3 831**	1 026	4 158
Total	**2 048**	**2 679**	2 007	2 382
KTH	**1 989**	**2 095**	1 964	2 218
Wispeco	**927**	**941**	874	984
PGSI	**695**	**759**	692	692
Infrastruktuur				
CIV groep	**3 122**	**5 563**	2 301	4 940
Grindrod	**1 065**	**1 065**	1 624	1 624
Grindrod Shipping	**326**	**326**	623	623
SEACOM	**45**	**858**	353	870
Ander infrastruktuurbelange	**265**	**265**	256	256
Media en sport				
eMedia Investments	**877**	**802**	866	866
Ander media- en sportbelange	**277**	**272**	223	268
Ander beleggings	**4 353**	**4 460**	4 060	4 196
Sentrale tesourie				
Kontant by die kern[4]	**17 212**	**17 212**	13 704	13 704
Skuld by die kern	**(14 114)**	**(14 114)**	(14 097)	(14 097)
Ander netto korporatiewe bates	**1 724**	**2 191**	2 073	2 536
Intrinsieke netto batewaarde (INBW)	**106 886**	**134 664**	98 098	152 110
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[5]		**(4 606)**		(6 438)
INBW na belasting	**106 886**	**130 058**	98 098	145 672
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**564.9**	**564.9**	566.9	566.9
INBW na belasting per aandeel (Rand)	**189.21**	**230.23**	173.04	256.97
Remgro aandeelprys (Rand)		**194.74**		204.29
Persentasie diskonto tot INBW		**15.4**		20.5

Aantekeninge

1. Remgro het verhaalbare bedrae vir Mediclinic en Distell wat die onderskeie boekwaardes oorskry, bepaal.
2. Die vorige jaar sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
3. Die aanvanklike verantwoording van die Siqalo Foods besigheidsamevoeging, wat die toeverdeling van klandisiewaarde insluit, is nog nie voltooi nie. Die oorweging vir waardedaling van klandisiewaarde sal gedoen word op 30 Junie 2019, wanneer die verantwoording van die verkryging gefinaliseer is.
4. Kontant by die kern sluit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods, Distell, Siqalo Foods en Wispeco), uit.
5. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings teen billike waarde deur ander omvattende inkomste is onder “ander netto korporatiewe bates” hierbo ingesluit.
6. Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies en genoteerde beleggings teen beurspryse aangetoon.